

PRO VERITATE

IN HIERDIE UITGAWE/IN THIS ISSUE

★ RAS EN REALITEIT	1
★ TOWER OF REFUGE	1
★ METANOIA	2
★ EDITORIAL/REDAKSIONEEL	3
★ OORDENKING	3
★ GOD'S REALITY	4
★ DIE GEYSER-SAAK	5
★ ANGLICANS AND METHODISTS	5
★ LEEK EN PREDIKING	6
★ DIE LIEFDE VAN GOD	7
★ DIE KERK IN DIE WERELD	8
★ THE PUBLIC OPINION	8

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA

Jaargang II. Nr. 2

Intekengeld R2 Subscription

June 15 Junie 1963

Volume II. No. 2

By die Hoofposkantoor as nuusblad geregistreer.

Registered at the Post Office as a Newspaper

RAS EN REALITEIT

Prof. Dr. J. C. G. Kotzé

II. DIE VOLWASSE VERWERKING VAN RASSEREALITEITE

Platoverskuiwinge en Volwassenheid

Die menslike geskiedenis vorder dikwels in die vorm van platoverskuiwings. Vir tye, selfs eeue, gaan dit heel rustig toe. Sekere idees en oortuigings beheers en bevredig gemoedere, en mense bou daar rondom heen hulle sisteme. Ons is dan geneig om te spreek van dié of daardie beskawing of era. Maar dan het dit telkens gebeur dat sulke sisteme instort, omdat die idees, waarop hulle gebou is, nie meer gemoedere bevredig, verbeelding gryp of aan die lewensbehoefte beantwoord nie. So kom die soekende mens tot nuwe ontdekkings en nuwe idees. As dié dan slaag om oortuigend met dinamiese krag, verstand en gemoed van die massas weer aan te gryp, dan geskied as 'n ware 'n platoverskuiwing. Hulle laat los die oue en gryp die nuwe aan. Dit is of een era afsluit en sterwe en die ander een dan begin. En dit is in sulke tye van platoverskuiwings dat geweldige eise aan die mensdom — aan nasies, volkere en individue gestel word. Dit is wat ons gewoonlik met die afgesaagde uitdrukking: krisistye bedoel.

Nou wil dit voorkom of die twintigste eeu by uitnemendheid so 'n periode van platoverskuiwing is. Sedert 1914 het geweldige sluimerende magte rondom nuwe idees in beweging getree. En wat 'n teenstelling vind ons hier teenoor vorige eeue. Die mens van die twintigste eeu word betower, ons kan byna sê gehipnotiseer, deur idees soos tegniese mag en prestasie; gelykheid van almal; die waardigheid van die menslike persoon afgesien van status of ras; die soewereiniteit van volkere, indien nodig met geweld en bloed verkry; die dekolonisering van elke hoek van Afrika; en om alles te oorkoepel — die kommunisering van die ganse aarde. Hier het ons 'n menigte van nuwe idees wat soos vuurspuwende berge uitbars. Hulle laat ou denkpatrone verbleek; ou lewensstyle verdoem staan; vroeëre assosiasies ont-

bind word; en rewolusionêre storme losbars. Ons staan geroep in 'n eeu met totale platoverskuiwings.

En wie sal waag om te sê waar ons sal wees, wanneer die menslike lewe en menslike geslag weer langs stiller bane sal voortvloei? Die gelowige, wat weet dat, volgens Skrif, sware tye op die mensdom wag na die einde toe, wonder of die verskuiwings al doller gaan tuimel en rol nie. Moontlik bereik ons die stiller bane eers met die wederkoms van Christus.

Ons roeping vandag

Intussen egter het ons, soos alle vorige geslagte, sulke verskuiwings te verwerk. Hulle is nie altyd noodwendig vorderinge nie. Geweldige terugslae het ook al so ontstaan. Soveel hang

daarvan af op watter manier die verantwoordelike geslag van so 'n tyd die ontwrigte situasie, van die sterwe van die ou idee met sy lewensstyl en struktuur, en van die geboorte van die nuwe lewensbeskouing, met sy ontvlamde ongeduld en dikwels irrasionele storme, hanteer, beheers en verwerk. Dit is hier waar die volwassenheid van so 'n geslag tot die uiterste toe getoets word.

Gewoonlik is dit geen gemaklike pad nie. Sonder gevaarlike misrekenings geskied dit ook nooit nie. Ja, vele oorleef sulke tye nie. En hulle gaan gewoonlik ten onder — hetsy deur pappe wanhoop of blinde verset — wat misluk om sulke tye te verstaan, te aanvaar en te beheers deur verwerking tot 'n totaal nuwe orde. Algemeen is dit 'n menslike neiging om die eise en die spanning van so 'n situasie te probeer ontvlug. Gewoonlik het sulke mense baie goeie redes om hulle swakheid goed te praat en hulle ontvlugting groot te laat vertoon.

Daarom roep sulke tye die menslike geslag van daardie dag ook gewoonlik tot betere, meer verhelderde en verantwoordelike begrip van en insig in hulle eie lewe en lewenssituasie. Dit wat vir ons in rustiger tye so duidelik en vanselfsprekend gelyk het, word dan bevestigteken en selfs verdoem. Dan is dit dat ons gedwing word, in die erkenning van ons eie beperkinge en dikwels van ons onbewuste, onverantwoordelike neigings, gebruike en motiewe, weer van onself vars rekenskap te gee.

Daarom kan sulke krisistye vir individu, kerk, volk en nasie ondergang

maar ook treffende vooruitgang beteken. Dit kan ons breek maar ook maak; ons verarm maar ook verryk. Dit was nie altyd die voorspoedige tye wat die mensdom die rykste nagelaat het in die geskiedenis nie. Dit was juis intendeel sulke swart en donker dae wat baie ke-re die grootste geestesrykdom aan die mensdom besorg het. Alles hang daarvan af of ons gaan vassteek, of soos volwassenes slaag om die situasie te verstaan, te aanvaar en vir nageslagte te verwerk.

DIE EIS VAN VOLWASSENHEID

Wat wil ons hier onder die begrip volwassenheid verstaan? Die mens beskik oor elemente in sy persoonlikheid soos drifte, instinkte, intellek, wil, gewete, emosies en doelstellings. Hy groei op in 'n gegewe milieu met sy geleenthede, versoekinge en probleme. Die volwasse persoonlikheid is 'n taamlike relatiewe begrip. Want die menslike persoonlikheid kan ons sê, is 'n ganse sisteem met 'n groot verskeidenheid van grade van orde en disorde. Soos G. Murphy dit stel: „All normal people have many loose ends”. Daarom kry niemand 'n persoonlikheid en lewe wat as finaliteit beskou kan word nie. Dit bly van stap tot stap altyd nog 'n proses, wat op een of ander manier kan vassteek. Dit is waar van die enkeling sowel as van die groep.

Tog kan ons neem dat die gemiddelde suksesvolle ontwikkeling in persoonlikheid met die inbou van dit alles in die lewe, waarin harmonie en ba-

• Vervolg op bladsy 2

Dr. P. B. Hawkrige

OUR TOWER OF REFUGE

In the days when the relations between Scotland and England were less pleasant than they are now, and when each raided the other with every circumstance of rapine and cruelty, towers of refuge were built along the Border which may still be seen. To these the inhabitants fled with such of their gear as they could get together until the time of fear was overpast. This was a technique not of cowardice but of survival.

The question which arises for the white race in:

Southern Africa is what and where are the towers of survival. It is often assumed by those who survey our plight that there are none and these include some of our best who have left us because they see no future here. But the Church of God cannot

leave, and the worse the situation the more necessity for its central message, for the Church has and is a tower of survival. When political vision falls and argument languishes, when man faces man as irresistible force over against immovable object, when compromise, the breath of political life, seems strangled, the Church of God stands because

it has to do with final absolutes.

Two books have been published in recent years, in one way as different as they can be, in another very much allied. The one is "The City of God and the Politics of Crisis", by Edgar Brookes; the other is "Inside the South African Crucible", by Professor A. B. Du Preez. These men, far apart in political outlook, are united by the menace of our times and a clear vision, at the end of each book, of the Tower of Refuge. At the end of Senator Brookes' book are these words, "We make no apology therefore for saying that God is the answer to all the unanswered questions of politics which have concerned us in this book. Yet God is not to be sought at a means to a political or any other end. — He is to be loved absolutely and for His own sake". The Professor at the end of his book says, "Ultimately our existence in South Africa

and our hope of survival depends solely upon the Grace of God — We firmly believe as a matter of faith that God still rules the destinies of our nation. — The present condition of our people calls for spiritual courage and trust in God — and so I close with the words of Zwingli; — "May God grant that the Divine Word may be preached faithfully among you; with it you will preserve your Fatherland; for where there is piety there is the help of God".

HOW TO ENTER

A Tower of Refuge is no use unless we get inside it. How do we enter? We enter by sincere penitence and by enquiry as to the will of God. We have to repent of our acts and, still more of our attitudes. Pride of skin and colour prejudice have no place in the sight of God. This is known and said by many of quite different political allegiances, but this repentance will be hard because we need

the kind of prayer which cleanses the unconscious as well as the conscious mind, the prayer of the psalmist which desires truth in the inward part and wisdom in the deep workings of the unconscious mind. Our privilege is so great and our pride so deep that contempt for those of another and, as we think, inferior colour, is as natural to us as the air we breathe. We may not express it, or even think it, but it is there, and it is this sub-conscious mind which must be redeemed.

Therefore the first place we should visit is not the forum or the council chamber but the church. Impenitent pride and careless optimism are alike useless. Only what comes out of the church at humble prayer will be rock to stand in the storm. We shall find that people of quite opposite views can kneel together, and that such kneeling brings a democracy of sin and

• Cont. on page 2

Ds. V. E. d'Assonville*)

METANOIA... wat sê God se woord

In Pro Veritate van 15 Mei 1963 verskyn daar 'n artikel deur ds. D. J. Malan, „META NOIA onder die bedeling van die Gees”. By al die waar dinge wat daarin beweer word en in eerbied vir die persoon van die skrywer, voel 'n mens tog baie bekommerd dat so 'n stuk deur Pro Veritate die wêreld ingestuur is omdat dit nie strook met die Skrif nie!

My, beswaar sentreer rondom die uiteensetting van die Griekse woord „metanoia” en verder enkele uitlatings. Om nie te veel ruimte op te neem nie, sal ons kritiek baie kort wees:

1. Die skrywer gee die indruk dat metanoia en wedergeboorte dieselfde is. Hy sê: „Sinsverandering of wedergeboorte is 'die sine qua non vir die bestaan en voortbestaan van die christelike godsdiens”. Dat van metanoia as sinverandering en nie as bekering gespreek word nie, kan seker nie 'n groot beswaar wees nie, maar om te impliseer dat metanoia en wedergeboorte aan mekaar gelyk is, is onskriftuurlik.

Ook waar die skrywer Joh. 3 : 5 en 7 in die tweede paragraaf aanhaal, kom die woord metanoia geensins voor nie; ook nie in die verwysing na Ef. 4 : 23 (ongenoem) in die derde kolom, bladsy 1, nie.

En wat is nou die gevolg van hierdie onnoukeurigheid? Die skrywer opereer met die woord metanoia op 'n wyse wat heeltemal 'n ander betekenis daargee as die Bybel.

2. Teen die einde van die artikel word weer duidelik gestel dat die skrywer onder metanoia „wedergeboorte” bedoel: „Dan sal die meta noia, die wedergeboorte deur die God werklikheid word.” Ons moet

egter daarop wys dat die skriftuurlike begrip vir wedergeboorte slegs vyf maal ter sprake kom in die Nuwe Testament en wel onder twee verskillende woorde, heeltemal anders as metanoia, nl. in die werkwoord anagennao (Joh. 3 : 3 vv. en 1 Petr. 1 : 3 en 23) en die selfstandige naamwoord palingenesia (Matt. 19 : 28 en Titus 3 : 5).

3. Die skrywer koppel die metanoia in sy konsekwensie aan 'n morele, etiese stryd. Vergelyk die gedeelte onder die hoof, „Waar die verandering moet begin”. Hy sê o.a. „... op die morele gebied sal die stryd verloor of gewin word,” en verder „... die swaartepunt is verplaas op etiese gebied”, ens.

Nou wil ons in beskeidenheid beweer: Nêrens in die Nuwe Testament mag ons metanoia (bekering) moralisties opvat nie! Die ware metanoia net wel invloed oor ons hele lewe en geen deel van ons aardse bestaan kan daarbuite val nie, maar die „swaartepunt” lê nie hier nie. Vergelyk hieroor die uiteensetting van Kittel in die „Theologisches Wörterbuch zum N.T.”, deel IV, bladsy 994 vv. en ook F. J. Pop in sy „Bijbelse Woorden en hun geheim”, deel II, bladsy 92.

4. En dan 'n paar algemene gedagtes wat in die artikel na vore kom:

Die skrywer sê in die vierde kolom, bladsy een: „Vroeër was die stryd tussen die twee koninkryke alleen op teoretiese gebied onder alle verligte volke gevoer”. (kursivering deur my). Nou is die vraag: Is daar ooit in die stryd van die koninkryk van God soets as 'n „teoretiese” stryd. Die Skrif laat geen opening dat die stryd tussen die vrouesaad en slangesaad nie voortdurend 'n intense, praktiese stryd was vanaf die oomblik van die sondeval nie en so sal dit wees tot op die jongste dag.

Onder die opskrif, „Ontdekking deur bepeinsing” beweer die geagte skrywer, „Maar God is die onsielike. Daarom kan iemand alleen na God luister en deur sy God gelei word deur meditasie.” Dat God onsielik is, is waar, maar dat ons juis daardeur alleen deur meditasie na Hom kan luister, is onwaar! Miskien verstaan ons die skrywer heeltemal verkeerd, maar ons sien hier die groot gevaar van die mis-

tieke rigting in die godsdiens. Nee, juis nie deur meditasie nie, maar alleen deur sy Woord kan ons na God luister. En die enigste manier waardeur God ons lei is deur sy Woord. Waar die Woord gepreek word, daar werk sy Gees. Dan kan meditasie soms 'n vrug wees van die werkende Gees in ons lewe, maar nooit 'n middel nie. Vir die Boedis en die Mohammedaan is meditasie 'n middel en hy kan selfs op 'n hewiger en intensier manier „stil wees” voor sy god. Maar vir die gelowige kind van die Here is daar maar een manier waardeur 'n mens sal luister na God, of anders gestel, tot geloof sal kom, nl. deur die prediking van God se Woord. Dan is dit nie meer 'n „ontdekking deur bepeinsing” nie, maar 'n ontdekking van die enige Waarheid, die genade van Jesus Christus. Dat 'n mens dan verder daaroor sal peins is logies, maar bepeinsing op sigself kan geen metanoia ooit meebring nie.

As ons dit baie kort en

eenvoudig opsom: Wil ons versaker wees van die werking van die Heilige Gees, dan is daar net een pad en dit is: luister na God se Woord! Gaan daar waar die suiwer Evangelie verkondig word!

Ten slotte nog net 'n enkele opmerking: As ons van bekering en wedergeboorte praat, moet ons tog onthou dat die Gereformeerde Belydenis soos bv. in die Dordtse Leerreëls dikwels die twee benaminge vir dieselfde saak gebruik. In hierdie verband kan ons die skrywer se uiteensetting beter verstaan; sy spraakgebruik is dan dieselfde as die manne van Dordt. (Vgl. die Dordtse Leerreëls, hoofstukke III en IV, art. 11, 12.) Maar sodra ons die woord „metanoia” noem, dan is daar vir die ondersoeker van die Skrif meteens duidelike grense.

*) Ds. d'Assonville is predikant van die Gereformeerde Kerk in Johannesburg.

• Cont. from page 1

Our Tower of Refuge

grace in which fellowship becomes possible and natural and in which new solutions are revealed.

We must search for a fundamental belief that the white man has a place in Southern Africa and is necessary to the country's best interests. This is not by any means to be taken for granted.

The answer must be studied in the sight of God, no less, and the decision arrived at on our knees, no less. Only so shall we have a final answer and a sufficient strength. Wortwhile solutions have to be hammered out between strong opposites. Such solutions will be impossible if the white community, the anvil of God, collapses through weakness of the knees, through having only political and paper plans

which do not stand in the evil day. They will be impossible if the African and Coloured peoples produce only politicians, not statesmen. The politician is out for power, the statesman for solutions, and many a politician, having gained his power, has found that for his real problems he has no solutions, so that his power turns to ashes in his hands.

Eschewing alike a brittle rigidity and a foolish effacement we serve a moving purpose of God. The men of value are those who, sure of God and therefore of themselves, are able not only to move but to control things that are moving them.

Let us stop shouting at one another. In our problems long range artillery does much more

harm than good. Denunciation is easy and criticism is a talent which nobody buries. Shouting will discourage us from our real task which is to learn to pray together. There are obstacles. Different languages will deter us and different races perhaps more so. It is little use to attempt to move obstacle forcibly out of the way. Let them melt in the warmth and light of prayer. They will melt. They are melting. Prayer changes people. Prayer changes things. Prayer provides ways of working more than we could ask or think.

If we meet before God just as we are, accepting one another as we are, without fear and without reproach, we should enter a Tower of Refuge and find it no coward's den but a castle from which to issue again and again to fight and defeat the real enemies of us all.

Ras en Realiteit

• Vervolg van bladsy 1

lans tussen al die elemente van ons persoonlikheid bewerkstellig is, as normaal en volwasse geneem kan word.

Die normale persoonlikheid het gewoonlik daarin geslaag om deur 'n gesonde ontwikkeling van stap tot stap te vermy om ergens blywend vas te steek. Hy het sy op en af gehad, sy terugslae en voorwaartse bewegings, maar hy het bly voorttrek met die inpassing en die inbouing van realiteite van stap tot stap in sy persoonlikheid. Hy slaag om dus geleidelik al die elemente van sy lewe te integreer. Soos G. W. Allport dit duidelik stel: „The normal person, by contrast to the neurotic, can usually balance his impulses and conform to all relevant considerations; suiting his act to appropriate time and place, using appropriate means, and relating the act to the standards of his conscience and to the convenience of others”. Of in die woorde van Alexander A. Schneiders: „Maturity implies wholesome and adequate development of basic structures, capacities and needs acceptance of responsibilities, and growth of personality and behaviour toward a well-ordered, satisfying adult life”.

Hierdie geïntegreerde of volwasse persoonlikheid bekom ons alleen deur groei of ontwikkeling langs al die stadia van ons lewe — en dit nie buite die gevaar of sfeer van moeilikhede om nie, maar daar midde in. Volwassenheid bekom ons juis deur die insig in

en aanvaarding van onself, ons medemens, ons lewensituasie, en ons persoonlike verhouding tot God. Hier het ons vier realiteite, wat geen mens kan ontvlug, sonder om homself te verongeluk nie.

Die mens wat slaag om sielkundig, eties en religieus hierdie lewensfeite in sy lewe te begryp, te aanvaar en hom ongeremd daaraan te gee, ontwikkel ware volwassenheid, skrywe H. R. Wyngaarden. Hy kom met andere woorde juis tot so 'n geïntegreerde persoonlikheid deur stap vir stap in sy ontwikkeling vir lewensrealiteite, aangenaam of onaangenaam — nie te vlug nie, maar homself daaraan te gee en te verwerk. Wie misluk om dit te doen word sieklik, gespanne en neuroties. Dit laat ons besef, wat dit eis om die moderne lewe suksesvol te verwerk; om 'n jongere geslag daartoe op te voed; en om die gevaarlike probleme van ons dag nugter en met insig onder oë te sien, en te verwerk. Die onvolwasse en gefikseerde lewe kan dit net eenvoudig nie doen nie.

Meer dan aanpassing

Sulke aanvaarding van of gee aan die lewe is veel meer dan blote aanpassing. Soos H. R. Wyngaarden dit stel: „Aanvaarding is innerlik ja zeggen op en instemmen met. Het begrip aanpassing is veel algemener; het duidt alleen aan een zich voegen naar, en laat in het midden of dit zich voegen bewust of onbewust, gewild of afgedwongen is”.

Die aanvaarding van lewensrealiteite sluit veel meer in dan net maar verdra of verduur, omdat ons tog nie anders kan nie. In die verband skrywe G. W. Allport: „To adapt means to solve problems, overcome obstacles, search out meanings, and, in general, use one's brains”. Of soos 'n ander groot kenner, A. A. Schneiders, dit verduidelik: „Good adjustment requires a truly realistic attitude, one that enables the person to accept reality as it is rather than in terms of what his wishes or fears determine that it shall be”. Met andere woorde, die volwasse probeer nie deur een of ander ontvlugting om realiteit anders te laat lyk nie, maar eerder om realiteit te verstaan, te aanvaar en te verwerk.

Wat beteken dit om 'n realiteit te verwerk? Geen term het 'n ryker en 'n meer noodsaakliker betekenis vir die ontwikkeling van 'n volwasse persoonlikheid nie. Om realiteite inderdaad te verwerk — of hulle aangenaam of pynlik is — beteken dat ons allereers onself aanvaar netsoos ons is met ons eie temperament, vermoëns en beperkthede. Dit is juis hier waar die neurotiese mens al begin uitsak. Verder dat ons elke situasie in die lewe, watter spanning, ongerief of pyn dit ook mag veroorsaak, aanvaar sonder om dit te probeer ontvlug, ontken of goed te praat, met die gereedheid om daarvoor verantwoordelikheid in eie lewe te neem. Dié gereedheid sluit die vermoë en gewilligheid in om by veranderende omstandighede dinamies en saaklik aan te pas — dit juis wat die gefikseerde en onbuigsame onvolwasse nie kan doen nie.

Met so 'n realiteit dan op hande

soek die volwassene om daarvan die aanleidende faktore, die wesenlike inhoud en die moontlike weë van oplossing te begryp en dan volgens eie insig en gewete te handel. En waar dit soms kan gebeur dat geen oplossing in sig is nie, lewe hy met die realiteit saam, instaat om te wag op die nodige uitweg of oplossing. Hier is dit veral die gelowige se voordeel om met 'n Paulus te weet dat die genade van God genoeg is (2 Kor. 12 : 9; Fil. 4 : 13).

Dit is die verskil in bewerking van sulke realiteite, wat mense se lewens so gevarieerd maak — terwyl sommige ten onder gaan styg andere deur dieselfde situasie tot hoë hoogtes.

Soos Harry Emerson Fosdick dit treffend illustreer: „Sir Walter Scott and Lord Byron both were lame, but they took it differently. High-strung, proud, ambitious men, their physical handicap was to each of them a determining factor, but their biographies revealed how dissimilar their responses were. Sir Walter lived a radiant life, while a friend said of Lord Byron: „He brooded over that blemish as sensitive minds will brood until they magnify a wart into a wen. His lameness certainly helped to make him sceptical, cynical, and savage”.

Maar genoeg om ons te laat begryp dat so 'n realiteit soos die huidige rasse-situasie met al sy spanninge, gevare, eise en roeping deur geen onvolwasse gees verwerk kan word nie. Dit sal naas die genade van God al die volwasse rypheid van leiers en enkelinge in beide groepe vereis. En as ons dit nie kan vind nie, lyk die toekoms geweldig donker en onseker!

Word vervolg

PRO VERITATE

Editorial

COMMUNICATING THE GOSPEL

The church of Pentecost was a communicating church. Within half a century after the Holy Spirit was poured out the message and life of the Gospel spread to all countries around the Mediterranean, brought thousands of converts and changed the life and destiny of many nations. How is this to be explained? There is only one answer: an act of God who through Jesus Christ generated a new Power in men's lives which created a new imperative in their inmost selves: Woe unto me if I do not preach.

The spontaneous result was that groups of new believers immediately started communicating the wonderful news of God's love and saving power to all men around them. Conversion was followed and accompanied by instruction. The preaching and teaching ministry was a simultaneous action. But the secret of communication was to be found not in human techniques but in the *veritas* of a message which rang out with an inner conviction through voice and song and speech with the final proof of changed lives.

Throughout the centuries the church has given serious attention to its preaching as well as its religious instruction. Modern developments have opened up numerous new avenues of communicating the message of Christ to millions of people through the spoken and printed word by means of the press, radio, television, audeo-visual aids and improved educational methods. We are deeply grateful for the increased attention being given by Christian bodies for the better use of these methods of communicating the Gospel and as Christians these efforts should receive our wholehearted support. But even with all these new techniques the message and life of Christ is not spreading fast enough. In proportion to the growth of the world's population the number of Christians is decreasing. Why? The answer is clear: our lack, primarily, is not one of technique but of life and power. Isn't that the main reason why millions around us remain untouched and unchanged by our message and methods? Why year after year thousands of young people disappear from the life and service of the church soon after their confirmation? Why through ideology and philosophy the word of God is substituted by the word of man?

The church needs to ask itself anew: do we understand clearly who the world is? Do we believe without any doubt that this is the only message which can save the world? Is our love and conviction strong enough to communicate our message in such a way men become convinced and converted? And do we have the vision to convey our message through new methods?

A church which has Life is a church which has the answer.

Inleidingsartikel

DIE FAMILIELEWE VAN DIE BANTOE EN KLEURLING

Tydens die Gesinsjaar (1962) is die aandag van die bevolking van Suid-Afrika telkens gevestig op die nood van die huisgesin en die noodsaaklikheid van die opbou van 'n nuwe en stabiele familielewe in Suid-Afrika. Hoewel die Gesinskongres van 1962 hoofsaaklik sy aandag aan die posisie onder die blankes gegee het, het dit nogtans baie vrae gaande gemaak oor die toestand van die gesinslewe onder die nie-blanke, en by name onder die Bantoe en die Kleurling.

Volgens studies wat reeds in dié rigting gedoen is en soos daaglik bevestig deur geestelike en maatskaplike werkers onder genoemde groepe het ons 'n toestand in die gesinslewe van die Bantoe en die Kleurling bereik wat roep om onmiddellike, grootskaalse en verenigde aandag en optrede. Na ons mening sal daar eers 'n deeglike, wetenskaplike voor-ondersoek moet plaasvind na die omvang van die huidige gesinsontwrigting, asook na die oorsake daarvan. Sulke faktore soos die verstedeliking van die nie-blanke, sy tradisionele siening en gebruike insake die huwelik en gesin, die gebrek aan genoegsame ouerlike toesig, die ontstellende verskynsel van jeugmisdaad, die verskynsel van trekarbeid, die rol van die ekonomie, en wetgewing wat die gesonde opbou van die gesinslewe ver- hinder — al hierdie en ander aanverwante faktore sal deeglik onder die oë gesien moet word.

Na sodanige voorbereidende ondersoek sal 'n omvattende en verteenwoordigende kongres (waarin die nie-blanke 'n aktiewe aandeel sal moet neem) die resultate van hierdie studie moet bespreek en die rigting moet aandui waarin ouer en kind, kerk, staat en gemeenskap die helpende hand kan reik om die gesinslewe van die nie-blanke te red en te herstel. Hierdie aksie behoort in die eerste instansie uit te gaan van die Christelike kerk en nie van vrywillige of staatsorganisasies nie — hoe noodsaaklik en waardevol die hulp van sodanige instansies ookal is. Want in die gesinslewe gaan dit om 'n opdrag tot opbou en bewaring van die kern van die gemeenskap soos deur God aan die mens gegee deur sy Woord — en daarom is dit in die eerste plek die verantwoordelikheid van die kerk om hom te beywer vir alles wat die gesinslewe kan bevorder.

Die ideaal is seker dat die groots moontlike getal kerke dit as gesamentlike projek van studie, navorsing en aksie onderneem. Maar as amptelike omslagtigheid optrede kan vertraag of gesamentlike optrede bemoeilik, mag dit nie dien as verskoning vir dié kerke en Christene

• Vervolg in volgende kolom

Ons Nuwe Wêreld

„EN PETRUS Sê VIR HULLE: BEKEER JULLE EN LAAT ELKEEN VAN JULLE GEDOOP WORD IN DIE NAAM VAN JESUS CHRISTUS TOT VERGEWING VAN SONDES EN JULLE SAL DIE GAWE VAN DIE HEILIGE GEES ONTVANG.

Hand. 2 : 38.

In die baai van Genua staan die monument van Columbus wat die inskripsie dra: „Ek soek 'n nuwe wêreld“. Met drie klein skepe het hy die wye woeste see ingevaar — en temidde van ontsaglike moeite en gevare die nuwe wêreld gevind.

„Ons soek 'n nuwe wêreld“! Dit is die roep wat vandag as 'n brandende verlan- ge deur die volkere gaan. Daarom dat die nuus van die dag alte dikwels onder die hoof: „Vyf minute voor twaalf“ aangebied word.

„Ons soek 'n nuwe wêreld“. Die geskiedenis van die mensheid is deurspek met idealiste en vegters wat 'n nuwe wêreld belowe het, wat die droom gedroom het van 'n paradys op aarde. Gedurende die afgelope wêreldoorlog is die slagkreet al te dikwels gehoor: „Ons veg vir 'n beter wêreld“. En op die slagveld lê die grafte van tienduiseende wat hulle bloed vir hierdie ideaal gestort het. Maar die wêreld is sieker as ooit. Tenspyte van die ongekende tegniese ontwikkeling van die laaste dekades hang die naakte koue ang ons om die hals. Oorloë en gerugte van oorloë skei die mense van mekaar. Niks is meer seker nie. Daarom dat vir vele die laaste sin daarin geleë is om 'n tuinslang in die motor se uitlaatpyp te druk.

En nou staan ons in die Pinkstertyd met sy boodskap van die uitstorting van die Heilige Gees. Temidde van alles wat verkrummel en temidde van die sterwende hoop wil hierdie boodskap vir ons sê: Dit kan waaragtig alles anders word.

Op die eerste Pinksterdag het in Jerusaleem iets gebeur wat bepalend is vir alle tye. Daar het die Heilige Gees op mense geval en is 'n gemeente gebore: 'n gemeen- te van mense wat deur die Gees van God vervul was en wat deur die Gees gewandel het.

Dat dit nie 'n tydelike gevoelsopwel- ling was nie, 'n stroom wat in die sand vervloei het nie, weet ons uit die lewe van die eerste gemeente. Die Pinkstergebeure het in die diepste gegryp. Dit was vir hierdie mense die uur van die wedergeboorte deur die krag van die Heilige Gees, die geboorte-uur van 'n nuwe mensheid. Wie voor hierdie gebeurtenis staan, staan voor die wonder van Gods genade. En hierdie wonder hou nie op nie. Want die wonder van Pinkster dat mense deur die krag van die Heilige Gees nuut gebore word, word immer nog herhaal.

Die Gees van God waai nie oor die berge en boomtoppe heen nie, maar deur die harte van mense. En omdat dit so is, werklik so is, omdat die Heilige Gees voor

ons deure lê, daarom is daar hoop in die wêreld. Om hierdie rede, maar ook om hierdie rede alleen, kan alles anders word — deur die krag van die Heilige Gees.

As al hierdie dinge ook vir ons in die hart tref en nie net in die ore nie, sal ons ook begin vra: Wat moet ons doen? En die antwoord ontvang: „Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot vergewing van sondes“.

Vir die skare wat op die Pinksterdag versamel was, het dit 'n omkeer beteken, het dit beteken dat hulle hulleself onder die mag en heerskappy van Christus moes stel. As teken daarvan moes hulle hulle laat doop. Waar Christus teenwoordig is met sy Woord en Sakrament, daar waai die Heilige Gees. Waar Christus nie die mid- delpunt is nie, daar kan dit nie Pinkster word nie.

Daarom roep Petrus sy toehoorders na die doop. In die doop ontvang hulle die gawe van die Heilige Gees.

Ook ons is gedoop. Ook ons dra die naam van Jesus Christus op ons voorhoof- de. Ook ons het die gawe van die Heilige Gees ontvang, en daarom is ook ons bur- gers van die nuwe wêreld, met 'n boodskap die wêreld ingestuur dat alles waaragtig anders kan word.

Maar hierdie boodskap word nie geglo nie, want moet die bevestiging daarvan dan nie gesien word in die lewe van die gemeente van Jesus Christus nie? So was dit in die eerste gemeente. Dit kan tog nie van- dag anders wees nie. Uit die belydenis en uit die lewe van die gemeente moet Jesus Christus sigbaar word.

God het sy Gees nie in ons harte gesaai met die doel dat Hy daar sal sterwe nie, maar lewe en vrugte dra. En daarom be- teken die boodskap van Petrus vir ons dat ons weer sal leer om ons doop te verstaan en daaruit te lewe, dat ons erns sal maak met ons geloof en verbondenheid aan Chris- tus.

As ons weet aan Wie ons toebehoort en daaruit lewe, dan werk die Heilige Gees. Dan word die nuwe wêreld sigbaar, die wye land van Gods genade wat nie ver is nie, wat nie eers aan die einde van die tye kom nie, maar nou reeds daar is in die lewe van die gemeente wat bely dat Jesus Christus die Here is en lewe uit die krag van die Heilige Gees.

Here, by U sal geen ding onmoontlik wees nie. Word aan die wêreld bekend deur die hart van U gemeente.

Amen.

W. J. C.

wat daaglik met die ontstellende verskyn- sels van toenemende gesinsontwrigting onder die Bantoe en die Kleurling te doen kry. Uitstel van hierdie belangrike taak kan alleen geskied met onberekenbare skade vir beide blank en nie-blank. Dis dwase kortsigtigheid van blank of nie-blank om te redeneer dat die familielewe van die een die ander nie raak nie. Ons woon saam in een land en vorm saam een gemeenskap met 'n onver- mydelike wisselwerking en beïnvloeding van mekaar. Ook op hierdie gebied is die woord van die apostel waar dat niemand van ons vir homself leef nie en dat ons geroepe is om mekaar se laste te dra in die vervulling van die wet van die liefde.

Pro Veritate

Published the 15th of each month.

Correspondence: Administration. Address all letters for the Editor and Administration to P.O. Box 487, Johannesburg.

Editorial Committee: Dr. P. G. Geertsema, Prof. Dr. J. C. G. Kotzé, Rev. E. E. Mahabane, Rev. R. Orr, Prof. Dr. A. van Selms and Rev. J. W. Wessels.

Editor: Rev. C. F. B. Naudé.

Subscription: Republic of South Africa, S.W. A., Rhodesias and Protectorates: R2 per year, payable in advance. Overseas: R2.50 per year in advance.

Cheques and Postal Orders must be made out in the name of "Pro Veritate", (Pty.) Ltd.

GOD'S REALITY and the ideologies of men

(In connection with the first thesis of the theological Declaration of Barmen)

PART TWO

The Centre of Christian Faith

The affirmation of the first Barmen thesis says: "Jesus Christ as He is testified to us in the Holy Scripture, is the one Word of God whom we are to hear, whom we are to trust and obey in life and in death."

This is a sentence of "classical" simplicity in spite of its rich contents, so simple that every Christian, even every non-Christian should be able to affirm: "Yes, this is the core of the Christian faith, this is precisely the centre of it all." The thesis does not state anything "new", and still, this sentence is most revolutionary. For every time somebody states clearly the centre of the Christian faith, this statement will be like dynamite. It will rise up high like a fire-ball, lighting up the whole territory and showing its positive sides as well as all its misery. It suddenly shows the yardstick by which everything is measured which claims to be Christian; the task, the non-evident factors, the strange, queer, and even apparently absurd features of Christianity will become clearly visible.

In this manner, the first Barmen thesis, in its naive simplicity and obviousness, has again and again produced its bomb-like effect also, even beyond the German borders, in all the great conflicts of the world. In connection with the search for a new social structure of the Christian congregations and churches in the Eastern world as well as among the awaking nations of the Asiatic or African world in their great upsurge, in their new nationalism and in their demands upon the Christian communities in their midst, the first thesis was the important point of orientation which helped them to free themselves from the temptations of false "identification" as well as of false opposition.

We are to hear

We shall now concentrate on the positive statement of this thesis. Where do we ourselves come in? In the few words that follows: "the one Word of God, whom we are to hear. . .", "we" evidently refers in the first place to Christians, but not only to them. We may note that it does not say: "whom we have to proclaim". The sixth thesis stresses the task of preaching clearly enough. Where does a person find the source for his preaching? One person may find it in a wonderful inspiration, another in scientific research. — there are many different sources. Where do the different philosophies find the contents of their message? We may ask them, and their answers may be honest or may hide the true source of their inspiration.

In the same way, we have to ask the Christians: Where do you find it? And the answer is: We find it by hearing, yes, by hearing, not by reading. That is the answer given by the first thesis. It is not the Bible that is the Word of God, but Jesus Christ is the Word of God. The Bible witnesses to the Word of God, but it is not identical with the Word. And this is affirmed by the Bible itself: Jesus is the Word of God. The Bible is the witness to Jesus. Because if this, although the reading of the Bible plays a very important role in the Christian Church, and although this reading may again and again turn into hearing, the Gospel, according to Luther, is not primarily "what is written in the Bible," but a real, living Word.

The act of hearing has two characteristics:

1. It presupposes two persons, you cannot hear when you are alone.
2. While hearing, I am completely subject to the other person. As long as he is silent, I may well listen, but cannot hear; first something has to be done by the other person. When I hear, the other one is active and I am passive. That is to say: A voice calls me to listen to its message. It is only when this voice speaks that we get the chance to "hear" something. Because it becomes audible, we are able to understand its message. This makes quite clear that the "we" does not refer to Christians only, but to all men.

Two things must be said here:

1. The Christian call "to all men", which we find expressed in the New Testament, is the root of every call "to all men," which is to be found in society nowadays — also in Marxism.
2. Other calls addressed "to all", uttered after Christ, cannot measure up to the universality of the Christian call. This call "to all men" really is meant for 'all men' and embraces them in a unity, whether they belong to the east or to the west, whether they are masters or slaves, "respectable people" or criminals, peace-lovers or war-mongers, righteous or unrighteous black or white.

God is really speaking

In whose name, however, is the word spoken which we all have to hear? Who is really speaking? The Bible gives us the answer in old, familiar terms, as for instance in the term "Word of God" or, as is said in one of the repudiations of the Barmen theses: "God's revelation." The repudiating sentence is: "We repudiate the false teaching that the Church can and must recognize yet other happenings and powers images and truths as divine revelation alongside this one Word of God, as a source of her preaching." We try to understand this tremendous, overpowering, and not all obvious statement: "Jesus Christ is the one Word of God whom we all are to hear." In times in which the nations believed in gods, speaking gods were not unusual; but they thought that their gods had only spoken in the past. The gods of their own time, whom the Greeks worshipped, were certainly believed to be real, but mute gods. Their silence was the prefiguration of a far more impressive silence: the silence of Fate itself as of the highest and ultimate God. The Ultimate was mute. Great silence is the ultimate possibility of our thought. — Christianity dethroned the gods, but this only led to a wider extension of that silence. If we look upon our present gods, we see that they demand their sacrifices in silence and muteness: they demand political programmes or laws of nature and of history or anything else. The only kind of being that can talk is we ourselves, we as men in a mute world.

You can listen of your own accord, but the act of hearing cannot arise out of the initiative of a person. Therefore listening can become one of the most terrible confirmations of one's own loneliness. The discussion of philoso-

phers is a discussion of those who are listening with the possibility of taking different positions. We are offered the positive position of metaphysics which is listening for a foundation of all temporal things in an absolute, first, and last being. But after some attempts we may become sceptics and agnostics, because there is nothing to be heard; and finally we may congratulate one another because there is nothing to be heard, for this could not be reconciled with our own dignity, if there was another subject whom we had to "hear".

Many people think that we are truly human beings, in their full development, only if we have not to hear anything or anybody else. The Ultimate must be mute, so that we may speak. These are the positions of many thinkers like Nicolai Hartmann, or Sartre, or of the philosophers of dialectical materialism.

But the discussion within the circle of those who are listening changes the moment that somebody hears something. At least for this one person who hears, the discussion has now come to an end, a new one arises: between those who are listening and him who is hearing. The old discussion among those who are listening and the new one, between those who listen and those who hear, can only continue, because they do not all hear and because many continue to say that there is nothing to be heard. We may assume that the discussion will continue in this way till the end of days. It is being kept going by the fact that those who listen become those who hear, and that he who hears starts to tell about it.

If somebody says that he heard God in His Word, we ask two questions: (a) What does that mean? (b) Where did you hear that?

Should somebody answer: "God speaks", his answer means at the same time: The Ultimate is not mute. The Ultimate speaks, i.e. consequently: the Ultimate makes himself heard by addressing us and obliging us to answer. It is no longer we who ask or the Ultimate; He asks us, He makes us responsible. The Ultimate has taken the initiative. The Ultimate and His qualities no longer remain the object of our discussion, interpretation and of our attempts to see the foundation of existence. He starts speaking of His own initiative, He claims the word for Himself.

"God speaks" means that our own "moving force," whatever we may call Self and Nature, Ego and Non-Ego, is not everything. "God speaks" means that somebody else speaks. "God speaks" does not mean the world speaks or a part of it, or the principle of the world speaks. How could it speak! In no case does it mean something inferior to the world or smaller than the world, but a Lord who is superior to it, standing above it. This is what the sentence "I hear, God speaks" means.

The word "speaks" has to be taken in its literal sense. If we say seriously "God speaks", this does not only mean that He speaks to us in great moments, or through important persons and great events in history, or through beauty in nature. "God speaks" means that "He comes into this world upon the human scene". There is a place in this world where we have to deal with Him. This is the truly tremendous thing, disturbing for many people when they listen to those who hear something, and confess — at such and such a place, here,

in this world, in the actual realm of human fate, that is, in Israel and in Jesus of Nazareth, — "We hear Him."

Those who are hearing, however, in speaking of Him, also say something about themselves. The sentence "God speaks" does not only contain a statement about God Himself, but also about ourselves as human beings. For, "God speaks" means, that He speaks in such a way that He can be heard, He speaks a human language. "God speaks" means in the first place, that here man is put in a position in which he can hear God in his own language. In the second place, it means that we are called by Him to answer. "God speaks" therefore means at the same time: "God wants an answer." "God speaks" means that we may speak with God, that He can be heard as well as addressed.

As a consequence "revelation" never means only that God is making something known about Himself, but that God enters into a living fellowship with us. Our relationship with the Ultimate and Highest is, therefore, that of true partners. This holds true for the whole of mankind, and, indeed for the whole world. — What does that mean? The fact that many people are convinced of the loneliness of the world leads to the selfunderstanding of the loneliness of the Ego (I). "God speaks" means that the world is not alone. The world is living in a fellowship, and therefore the ultimate truth about every individual being among us is not loneliness but fellowship.

Where do we hear God's voice? Neither in heaven, nor in the skies. The skies are empty and the sputnik did not find God. Man, this microbic creature, left the earth, a grain of sand, and advanced by 2 millimeters into space; now he shouts in denial that God is nowhere to be found in the universe. Several people who until now had been marching in the old Christian jog-trot, suddenly see that their faith is shaken, for unfortunately they had thought that the Church told them to listen to the skies whenever they were asked where God could be heard. But the skies are empty, for God has to be heard down here on earth. Jesus Christ is the one to whom the Church points, when it is asked why it can say with such firmness: God speaks.

Jesus Christ is the Word of God

This daring sentence: "Jesus Christ (who lived a human life on earth, at a determined time) is the Word of God" means:

1. That this human life of Jesus is decisive for all men, not only for those who live after him, but also for those before him. "Jesus Christ is God's last word" means: Here the highest authority appears from the background and comes to live in our midst. Nothing will happen in space and time that will not be related to this one human life.
2. If this one human life of Jesus is in such close relationship with God that we may say: here the Ultimate appears on earth, this means that human nature implies something special, a promise, a meaning. The sharing of the Ultimate in this one human life, establishes a special connection between God and man. This gives man at the same time an enormous responsibility.
- 3 "Jesus Christ is the one Word of God" means: this human life is a word, His

• From previous page

whole life speaks. It is not subject to our interpretation; our interpretation is secondary. What is primary is this: it is a word, with its own authoritative interpretation; it is the call to all men to hear this self-interpretation. The men of the New Testament knew that the highest names they gave Him, were but an echo of His self-interpretation (or self-expression).

4. "Jesus Christ is the one Word of God" means that everything that exists in this human life belongs to Him, all his actions as well as all his sufferings. Therefore the gospels lay such stress on the suffering of Jesus as the most important act of his life.

5. "Jesus Christ is the Word of God." "Jesus Christ" is the name which I have up to now replaced by the word: "This human life." In so doing, however, I "objectified", and we now have to replace "this human life" by "this man in all his life." This man not only was but still is God as He makes Himself heard in this world. He always remains "on our scene", transcending the limits of time: "Jesus Christ, the same, yesterday, to-day, and for ever." In his existence we find God speaking on earth — by His existence in which He became our fellowmen here on earth. Ever since then, there have been people who have "heard" and testified: We belong to those who can hear, but this is not due to the fact that we were attentive to His voice, but to the fact that He was able to overcome our inattentiveness. He, as the living one, will always see to it that there are those who hearken.

In our response, our freedom

Now, finally, we must explain the consequence of hearing, and why it is

so strongly recommended by those who hear to respond. All the six Barmen theses are nothing but the answer to the question of "Why should I hear at all?" The first sentence says about the Word of God: "Whom we are to hear, whom we are to trust and obey in life and in death." This is the greatest measure by which a word on earth can be measured among ourselves as mortal men.

Albert Camus said once that an earthly authority and an earthly community could well claim our lives, but not our deaths. A country or a person can claim our life, but our death cannot be given to any earthly power or person, because nobody can take another's death from him, because when dying we are entirely alone, because when dying everything loses its mask, because up to the moment of death we may deceive ourselves with regard to many so-called values, which in reality are worthless, but in the transition from life to death this is no longer possible.

The word of the Barmen Synod now says that there is something which retains its value although everything else may come to an end. Death is the end of all in which we can trust, but here there is something to trust in, even at the moment of death. Death is the end of all earthly obedience. But here we are faced with a word from which we are not even freed in death, which demands obedience from us even when we die. There is one Man whom we have to "trust" and to "obey" in life and in death. The connection of those two words is very significant. "Trusting" does not require a relationship in obedience, and we can have obedience without confidence. The very close link between "trust" and

"obey" has its origin in the fact that God has come from the background to the foreground, that in allowing Himself to be heard, He made Himself known as the Ultimate and whole truth in which one can trust entirely, and which one can, for the same reason, absolutely obey.

In whom do we trust? This is the actual question of the first Barmen thesis. It is directed to each one of us. In whom do you believe, in what do you believe, with all your heart? Most of us would probably have to answer: in nothing. Some of us may still believe in one thing or another, in a system, in an ideal, or in a movement. But there is the yardstick by which each belief can be measured: Are you able to believe in something, in the same way in which those who hear believe in God?

Here we are faced with Him, whom we can obey entirely. His first commandment is really an offer extended to us: Believe in me, you are allowed to believe in me! Faith consists in nothing but making the moves you are constrained to make. The man suffering from palsy (the paralytic) could only believe by blindly obeying the order given by Jesus. For Peter faith meant to take his boat and sail, although from the professional point of view this must have been a stupid act. Had he quietly stayed on the shore, against Jesus' order, he might have had the best convictions about Jesus in his head and in his heart, he might have had a dogmatically correct belief, but he would not have trusted. Faith is never something which we carry around inside ourselves until the moment arrives when we realise it in an act of faith. Faith always consists in hearing, and involves hearing an order and carrying out this order. In

such obedience you try to do something by love, you love your neighbour and also your enemy, you try to do something courageous, you try to pray although you may not know exactly whether there really is an ear to listen; you try to believe as you were told, to move about by faith, as you were ordered. This is how Christian life is constantly born anew.

"Jesus Christ is the one Word of God whom we are to hear, whom we are to trust and to obey in life and in death", therefore means: There is something to be heard, which is incomparable with other things. It includes us among those who hear. It invites us to trust in it. It promises that even when we die it would be worth while trusting in it. It subjects us to a discipline which includes great promises and which frees us from all other authorities. The Ultimate speaks, stands before us as the Lord and by His presence dethrones all other masters.

In conclusion, I want to quote a phrase from Jung Stilling: "A man who from his early age onward has accustomed himself to a free relationship with God and his Redeemer (who has thus become one of those who hear) achieves a greatness and a freedom which none of the greatest conquerors have ever achieved." Therefore the last word about faith and obedience which you will find in the New Testament, will again and again be the word Freedom.

(End)

* With acknowledgment to the Ch. Kaiser Verlag, Munich, that kindly put Prof. Gollwitzer's manuscript at our disposal, and to Miss Elizabeth Lindenberg of the Ecumenical Institute of Bossey who translated this article from German into English (ed).

DIE GEYSER-SAAK

'n Spesiale korrespondent.

Soos reeds algemeen bekend het hierdie saak sedert die vorige uitgawe van Pro Veritate geëindig. Teneinde ook die Pro Veritate-verslag af te sluit, gee ons hier dus net 'n opsomming van die beëindiging van die saak.

Die saak is op Woensdag 15 Mei 1963, formeel beëindig nadat Adv. De Kock namens die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, op Donderdag die 9de Mei 'n verdagting aangevra het. Die verdagting is aangevra nadat Prof. Geysers 'n kort rukkie in die getuiebanc was.

Nadat Prof. Geysers o.a. 'n kort weergawe van sy akademiese loopbaan gegee het, het hy gesê dat hy op 30 Oktober 1961, voor die Kuratorium van die Kerk verskyn het toe die klag aanvanklik oorweeg is. Hy het toe reeds bely: „Ek bely dat Jesus Christus die Seun van God is en dat hy eenswesens met God die Vader is." Op die eerste dag van die kerklike verhoor het hy weer insgelyks bely en daarna by verskeie geleenthede opreg en heelhartig die belydenis van die kerk voor die Kommissie bely insluitende die belydenis van Athanasius.

Vroeër in die verhoor het prof. A. v. Selms verklaar dat 'n klag van dwaalleer teen 'n persoon moet verval wanneer hy die Belydenisskrifte van die kerk onderskryf en op 'n vraag van Adv. Kotzé het prof. Geysers verklaar dat hy soos in die verlede, nou nog al die Belydenisskrifte onderskryf, insluitende die geloofsbellydenis van Athanasius en wel ook art. 24 van hierdie Belydenis.

Op hierdie stadium het Adv. De Kock gevra vir 'n verdagting sodat die saak onderling bespreek kan word. Die versoek is toegestaan en op Woensdag 15 Mei is die saak weer hervat. Toe het Adv. G. P. C. Kotzé, namens prof. Geysers, die volgende verklaring gemaak: „In diepe dankbaarheid wil ek u meedeel dat die partye tot hierdie geding binne eie kring tot 'n vergelyk geraak het.

'n Gesamentlike verklaring is opgestel. Graag versoek ek dat die geleentheid aan my geleerde vriend vergun word om dit voor te lees."

DIE VERGELYK

Hierop het Adv. De Kock die resultaat van die vergelyk, in die vorm van 'n gesamentlike verklaring voorgelees:

„Na aanleiding van prof. Geysers se getuienis in die Hof i.v.m. die belydenis het 'n broederlike gesprek tussen die partye plaasgevind. Daaruit het geblyk dat daar tydens die kerklike verhoor onduidelikheid geheers het oor die vraag of prof. Geysers die geheel van al die Belydenisskrifte saam met die kerk bely.

Daardie misverstand is nou uit die weg geruim en gevolglik is dit met diepe vreugde dat die twee partye nou soos volg verklaar:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering verklaar dat hy nou duidelik verstaan dat dit nooit prof. Geysers se bedoeling was dat sy uitleg van Filippense 2 : 6-11 'n finale uitspraak oor die verhouding van die Seun tot die Vader moes wees nie. Die

Kommissie verklaar dat dit 'n bona fide en onopsetlike misverstand was. Prof. Geysers verklaar dat hy aanvaar dat dit 'n bona fide en onopsetlike misverstand was.

Prof. Geysers herbevestig sy herhaalde verklaring dat hy ook die Athanasianum as synde in volledige ooreenstemming met die Heilige Skrif altyd onderskryf het en nog onderskryf.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering aanvaar hierdie versekering en verklaar as volg:

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering stel sy bevinding en uitspraak van 8 Mei 1962 tersyde en verklaar dat prof. Geysers steeds predikant van die kerk is.

In 'n gees uitsluitlik van christelike broederlikheid bied die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering namens die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika aan om alle regs-koste, deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en prof. Geysers aangegaan, te betaal.

Prof. Geysers aanvaar hier-

die aanbod van die betaling van sy regs-koste deur die kerk, net soos die kerk dit aanbied, as 'n daad van broederlikheid van die kant van die kerk, met dank.

Beide partye gee die eer aan God vir die beëindiging van die verontrusting van die afgelope jare.

Die partye kom ooreen dat hierdie verklaring in die ope Hof gelees word en dat afskrifte daarvan aan die pers beskikbaar gestel word."

So is die Geysers-saak dan beëindig.

Conversations between Anglicans and Methodists

Members of our two Churches have been meeting informally during the past two years to witness to our fellowship in Christ, and to deepen it by praying, thinking, and talking together. We have considered the Unity in Him which we already enjoy, as well as those matters which still divide us; and it has been our desire and purpose to explore the possibility of our reconciliation in Him which we cannot doubt to be His will.

We wish to make it clear, beyond any shadow of doubt, that we have no intention whatsoever of seeking to impose any cut-and-dried plan for reunion upon the members of our two churches, nor to conceal or evade any of the real difficulties which confront us. It is our aim and concern to offer to them such further material for their prayers and consideration as may enable us all to recover, by God's Grace and in His good time, that unity in His Son which we all are at one with Him in desiring.

To that unity each part of His Body, the Church, has its own distinctive and indispensable contribution to make. We are absolutely committed to the conviction that there is no way to unity by the absorption of any one body of Christians by another. We affirm that it is only by the way of integration, by a genuine and reciprocal sharing of the treasures of our different traditions, that God's Will in this matter can be done.

We are now agreed upon a report of our deliberations, so far as at present they have gone, and shall submit this to the judgment of the official bodies of our two Churches at their meetings in October and November this year. It is our hope that they will approve this preliminary work which we have been enabled to do, and give their blessings and encouragement to its continuance. But the contents of this Report on our conversations cannot be divulged until this course has received their approval.

Meanwhile we desire to place on record our thanksgiving to God for the evident work of His Holy Spirit in bringing us together, and drawing us into closer fellowship and deeper understanding of our respective positions.

It is our earnest desire and hope that our members in every circuit and parish, on the initiative of local clergy and congregations and with official support and approval, may join in regular prayer and discussion together that they may share with us this work of Christ which He can, through the Holy Spirit, bring to fulfilment only by the response to His leading of all those who claim His Name.

F. A. Amoore
A. Coates
D. G. L. Cragg
D. P. Dugmore
S. P. Freeland
V. W. Harris
E. G. Knapp-Fisher
C. S. Serge
T. D. Verry
J. G. Weatherston.

Mr. J. R. Kriel*

'N LEEK EN DIE PREDIKING

Die enigste regverdiging wat ek kon vind om oor 'n onderwerp te skryf waarvoor boeke vol teologiese ink al uitgestort is, is dat ek tot daardie groep in die kerk behoort wat hierdie prediking moet aanhoor, vir wie hierdie prediking bedoel is. Waar ek dit dus waag om my tradisioneel bepaalde rol van „toehoorder” te verlaat, is dit nie vanweë dislojaliteit teenoor die kerk nie, maar omdat die nood in en om my so groot is, dat dit tot spreke dwing.

„Die Kerk” is skynbaar bewus van hierdie nood — vandaar die baie teologiese boeke en predikante-kongresse oor onderwerpe soos: „Kerk en Wêreld”, of „Die Prediking en die Moderne Mens”. Maar dit is essensieel 'n leke-nood. En as leek leef ek midde in daardie nood. Hierdie onmiddellikheid is onmoontlik vir die offisiële verkondiger van die evangelie, want daar het ongelukkig in die Kerk 'n kloof tussen predikant en lidmaat ontstaan wat veel groter, en veel finaler is as die fisiese ruimte wat ons in die Kerk skel.

Ek wil dus stel hoe „ons” aan hierdie kant van die preek, voel. En as in hierdie stellery, ek miskien op allerhande teologiese liddorings trap, hoop ek dat u dit sal vergewe, en dit sal aanvaar as maar net nog 'n poging om 'n bydrae te lewer tot die gesprek in die kerk van Christus oor homself en sy rol in die wêreld vandag.

Die aard van die nood

Miskien moet dit eers duidelik gestel word dat die nood waarvan ek praat nie dié is van die „ongerede siele” wat „in die duisternis smag na verlossing” nie, maar die nood van Christene (uit oortuiging en oorgawe, en nie uit opvoeding of tradisie nie) wat besorg is oor hulle Christen-wees in hierdie wêreld, Christene wat worstel om die sin van hulle Christelike opdrag in hierdie wêreld.

1. En dit is juis hierin dat die nood van die prediking vir ons lê — want die prediking klink nie in hierdie worsteling nie. Die probleme wat so maklik vanaf die kansel „opgelos” word, is baie keer nie ons probleme nie. Nóg die probleme, nóg die oplossings besit dan vir ons enige aktualiteit. Maar ten spyte daarvan dat dit 'n „leke-nood” is, word die leek in die kerk nooit daarom gevra nie. Ten spyte daarvan dat die wêreld waarin ons woon essensieel 'n leke-wêreld is met unieke probleme en moontlikhede, word eenvoudig aangeneem dat die predikant bloot op grond van sy opleiding en posisie die laaste woord kan spreek oor wat Christelik is en wat nie. Die verkeer tussen kansel en skip is 'n eenrigting-verkeer. En as ons dit sou waag om probleme te opper, vrae te vra of selfs interpretasies te waag wat nie binne die bepaalde teologiese denkskema van die prediker val nie, word ons baie keer beskou as „ongeredes” of opstandiges.

Die aandeel van die lidmaat

Ons lees van teologiese kongresse en samekomste van teoloë van verskillende denominasies. En dit is goed dat sulke dinge plaasvind. Maar is dit nie tyd dat die „leke” ook hierin betrek word nie? Is dit nie moontlik dat bv. Christen-medici of -advokate of -polisie bymekaar gebring word om saam te besin en te worstel oor die sin van die evangelie vir hulle beroep met sy unieke probleme nie? Sodoende sal die gewone lidmaat weer sy verantwoordelijkheid vir die evangelie ontdek en sal die kerk nie meer 'n passiewe, horende kerk wees nie, maar 'n dader van die Woord.

2. Die prediking het 'n doel op sigself geword in ons erediens. Omdat die prediking situasie-vreemd is, kan dit nie meer sy eintlike doel dien nie, nl. aansporing tot die Christelike lewe. Die lidmaat kan nie Maandag anders lewe na die Sondagdiens nie omdat die preek nooit by Maandag uitgekome het nie! Die meeste predikers dink skynbaar dat om die evangelie te bedien, beteken om „bekeringspreke” of evangelisasieveldtogte te hou. Maar

die gemeente is oortuig van sy sonde en van die verlossing in Jesus Christus, anders sou hy tog seker nie gemeente wees nie.

'n Mens word moeg daarvan om preek na preek te hoor eindig met die konstatering dat Christus vir ons sonde gesterf het. Dit is tog die begin van alle prediking tot die gemeente. „Die Woord het Vlees geword, daarom...”

Wat jy wil weet is, wat beteken dit? Wat is die implikasies daarvan vir jou hier en nou? Al implikasie wat soms gewaag word is dat 'n mens nou „siele moet wen vir die koninkryk van God hier op aarde”. As dit al is wat die evangelie te sê het, dan is dit beter dat ons swyg.

Die prediking en die naaste

3. Die prediking stig nie gemeenskap nie. Die begrip van die naaste speel m.i. 'n allesoorheersende rol in die evangelies. As God genoem word, word die naaste net bygehaal as net nog 'n objek van bekering — nie as iemand in wie Jesus Christus na my toe kom met 'n opdrag tot diens en liefde nie. Die werklike uitdaging van die evangelie word só verbygegaan vir 'n reeks pseudo-uitdagings wat die naaste alleenlik waardeer as 'n potensieële toevoeging tot die „sieletaal”.

En die reeds „bekeerde”? Eintlik is hy 'n probleem, want wat sê ons nou vir hom? Al wat te doen staan is om maar vir hom 'n biduur elke Woensdagaand te reël! Ons is nie meer in staat om in vreugde saam te wees om die Woord nie. Ons word net beprek, om dan weer uitgestuur te word. Is dit nie weer tyd dat ons in mekaar se huise saamkom soos die vroeë kerk, om mekaar só in klein groepies te ontmoet en te versterk in die geloof nie?

Die oorsake van hierdie nood

Dit bring ons by die vraag: waarom? Wat is die grondliggende oorsaak van hierdie nood?

Die rede lê daarin dat die prediking geskied in terme van 'n denksistiem wat uit voeling gersaak het met beide die moderne wêreld en die evangelie. Dat die kerk uit voeling kan raak met die wêreld waarin hy staan, is verstaanbaar, maar leef hy dan nie uit die evangelie nie? Het die prediking nie direk met die evangelie te make nie? Ja en nee. En nou wil ek my waag op die gebied van die vakteologie.

Prediking as teologie in aksie

Die prediking is teologie in aksie. Al preek die prediker nie „teologie” nie, preek hy ook nie „sonder” 'n teologie nie. En hierdie teologie is 'n konstruksie wat opgewerp word oor die evangelie en waarbinne die gegewens van die evangelie sinvol begin fungeer. Elke teologie, elke preek is 'n spesifieke interpretasie van die evangelie; dit verteenwoordig 'n bepaalde greep van uit bepaalde en bepaalbare veronderstellings en vraagstellings, op die veronderstelde werklikheid. En hierdie greep, omdat dit 'n menslike greep is, kan mistas, of dit kan sy „tasbaarheid” verloor, en in stede van onthul en verhelder, kan dit juis die saak waarom dit gaan verberg. Die teologiese ontwerp is dus nie 'n tydlouse ontwerp nie. Die teologiese opdrag is nie die distillering van altyd-geldende beginsels nie. Want hierdie beginsels deel aan die relatiewiteit van elke menslike handeling en insig; en die gevaar is

groot dat ons die beginsels kan behou, terwyl die inhoud wat hierdie beginsels veronderstel is om te interpreteer, lankal verlore gegaan het.

Die teologie (en so die prediking) staan dus in die spanning tussen evangelie en wêreld en sy vraagstelling na beide kante mag nooit verstil nie.

Miskien kan die implikasies van hierdie relasie verduidelik word aan die hand van die natuurwetenskappe. Want die natuurwetenskap staan ook in die spanning tussen teorie en praktyk, beginsel en gegewenheid.

En hoewel hy in die begin (soos die teologie) geleef het vanuit die verwagting op „absolute waarheid”, het daar vandag 'n baie groter beweeglikheid, byna speelsheld ingetree in die wetenskaplike omgang met feit en teorie. Ek noem net 'n paar voorbeelde uit 'n onlangs-geskrewe Fisika-handleiding vir eerstejaars: „Science, we have now come to understand, cannot deal with ultimate reality; it can only draw a picture of nature as seen by the human mind... our modern scientific theory is more a way of understanding than a true portrait of it.” Die wetenskaplike verklaring „means relating the event to other behaviour already agreed to in our scientific knowledge”. (Rogers: Physics for the Inquiring mind. Kursivering deur my.)

Die wetenskaplike teorie is 'n denkmodel („mental model”) wat berus op sekere veronderstellings, en wat ons in staat stel om sekere fenomene met ander te korreleer in 'n logies-sluitende sisteem. Maar nooit word hierdie sisteem doel op sigself nie, want presies hoe die wetenskaplike konstruksie hom verhou tot „die werklikheid” wat hy rasioneel probeer interpreteer, is onseker. Hierdie verhouding is 'n sigself herhalende benadering („approximation”). Nooit dek die teorie volkome dit wat hy interpreteer nie. Altyd is daar die moontlikheid vir en die openheid tot verandering. So 'n teorie het geen absolute waarheid nie, alleen 'n funksionele waarheid. Die funksie wat dit verrig is om fenomene in verband te bring en so die moontlikheid te bied vir die uitbreiding van kennis. Sodra gevind word dat 'n teorie nie meer sy funksie binne die geheel verrig nie (d.w.s. nie meer saaklik fungeer nie) word hy nie om allerhande dogmatiese redes behou nie, maar summier gelos.

Hierdie relativering geld ook vir die lank reeds vasstaande hoekstene van die wetenskap. Ook hier lei nuwe ontdekkings tot aanpassings, herinterpretasies, beperkings ens. Soms kan 'n nuwe teorie ou staatmakers skielik in 'n nuwe en verrassende lig stel.

Die taak van die teoloog

En wat het dit met die teologie te doen? Alles, omdat hierdie houding berus op 'n spesifieke insig in die verhouding mens — teorie (interpretasie) — saak (interpreteerde) wat ook vir die teologie geld. Die teologie is nie souseer „narrater Gods” nie, maar 'n menslike wetenskap, onderhewig aan al die beperkings, relativerings, maar ook moontlikhede van die menslike denke.

Soos die natuurwetenskaplike moet die teoloog homself gedurig afvra of sy begrippe-sisteme (leerstellings ens.) wel funksioneel is — of hulle doen wat die evangelie wil doen, of hulle dus die evangelie saaklik interpreteer. As ek Bonhoeffer reg verstaan was hy sterk daarvan bewus dat ons in ons begrippekemas die evangelie radikaal kan misloop, en daarom nie die mens kan bereik nie. Dit is hierdie besef (en nie 'n sentimentele aanpassing aan die sg. moderne mens soos sommige voorgaende) wat die agtergrond vorm vir sy pleidooi vir die „Religionslose” interpretasie van Bybelse begrippe en die erkenning van die mondigheid van die moderne wêreld.

„Atonement and redemption regeneration, the Holy Ghost, the love of our enemies, the cross and resurrection, life in Christ and Christian discipleship — all these things have become so problematic and so remote that we hardly dare anymore speak of them... So our traditional language must perforce become powerless and remain silent, and our Christianity today will be confined to praying for and doing right by our fellow men. Christian thinking, speaking and organisation must be reborn out of this praying and this action”. (Letters and Papers from Prison). Die kriterium lê vir Bonhoeffer nie in die wêreld of in die moderne mens nie, maar in die evangelie. Die evangelie is egter nie 'n eenvoudige voorhande gegewe nie, sodat die interpretering altyd in die moontlikheid van foutering staan. Maar die kruis beteken dat ons fouteer onder die teken van die vergifnis.

Die verlossingsbegrip geanaliseer

Kom ons analiseer net kortliks 'n redelik sentrale begrip in die Christelike verkondiging, nl. dié van verlossing.

Die wyse waarop die verlossing interpreteer word, hang baie nou saam met die interpretasie van die sondebegrip, 'n relasie waarop ons nie nou kan ingaan nie. Wat vir ons doel belangrik is, is dat die verlossing nie op hierdie wêreld betrek word nie, maar op 'n abstrakte sielsbegrip en die hernaams. Onmiddellik verloor die verlossing alle aktualiteit vir die omvattende nood van hierdie wêreld, want die nood word vervlugtig tot 'n geestelike nood, terwyl die eintlike verlossing eers in die hemel in volle werking tree. En dit terwyl God vlees geword het? So 'n verlossingsboodskap bind die verlore nie in verantwoordelijkheid aan die nood van hierdie wêreld, soos Christus telkemale in sy prediking doen nie.

Die gevolge van hierdie ander-wêreldsheld in die 19de-eeuse Engeland (en by ons vandag?) is vandag bekend in al sy verskriklikheid. Die prediking moet aan die aarde getrou bly, omdat Jesus Christus in sy Vleeswording aan die aarde getrou gebly het. So 'n interpretasie van die verlossingsboodskap is, laastens, individualisties. Dit is iets wat tussen my en God plaasvind en waarby die naaste nie betrokke is nie. Daarom kan die prediking nie gemeenskap stig nie, is dit nie meer 'n vreugdevolle boodskap vir die nood van vandag nie, verrig dit nie meer iets in die wêreld nie.

Die verlossing is nie net 'n onties-afgehandelde heilsfeit wat ons nou passief, gelowig moet aanvaar ter wille van die ewige hell van ons onsterflike siele nie. Dit is eerder 'n opdrag, 'n oproep tot deelname in Gods liefdes-handeling in en aan hierdie wêreld. Wat is die implikasies van Gods verlossende handeling in Jesus Christus vir my lewe as verlore in hierdie wêreld, dit is die opdrag van die prediking.

Om die mens van vandag te bereik, is dus nie in die eerste plek 'n psigologiese of 'n taalkundige probleem nie, maar 'n teologiese. Voordat die kerk kan lewe, moet die evangelie eers weer in en vir die kerk lewe. Maar miskien is die weg tot die evangelie selfs nie 'n teologiese nie. Miskien moet die kerk ver en donker weë bewandel voordat hierdie skat weer aan ons gegee sal word. Miskien moet ons eers leer om te swyg, voordat die nuwe woord aan ons gegee sal word. Miskien geld die woorde van Bonhoeffer aan die verdrukte kerk van Nazi-Duitsland vandag nog: „Lasst uns die grossen Güter eine Zeitlang durch Schweigen ehren, lasst uns lernen, eine Zeitlang ohne Worte das Rechte zu tun.”

* Mr. Kriel is tans student in die Mediese Fakulteit aan die Witwatersrandse Universiteit en was die vorige twee jaar lektor in Filosofie aan Fort Hare.

Dr. P. G. Geertsema*)

Die Liefde van God

Elke keer wanneer die mens oor God wil spreek, voel hy sy onmag en beperktheid. God is groot en onbegryplik vir ons (Job 36 : 26). Vanselfsprekend geld dit ook wanneer ons hier enkele aantekeninge maak oor die liefde van God. Heilige skugterheid pas ons omdat ons heilige grond betree. Die vrymoedigheid wat ons het om oor die liefde van God te spreek, ontleen ons aan die feit dat God self ons in sy Woord besonderhede aangaande sy liefde verstrek. Ons is dan slegs veilig wanneer ons in ons gedagtes oor die liefde van God noukeurig luister na wat die Bybel ons daaromtrent leer. Hierdie gegewens moet ons gelowig verwerk; dit sal ons daarvoor bewaar om 'n humanistiese of wysgerige begrip van God volgens ons beeld en ons gelykenis te laat ontstaan.

Liefde binne die Drie-eenheid

Prof. Wurth merk in die „Christelike Encyclopedie” onder die woord „liefde” tereg op dat die fenomenologie van die godsdiens, dit is die wetenskap wat die godsdiens in sy verskyningsvorms bestudeer, na noukeurige ondersoek tot die gevolgtrekking gekom het dat „liefde” dieselfde is as „kommunikasie”, m.a.w. liefde moet 'n voorwerp hê. Ek kan praat of sing of loop sonder meer, dus alleen. Maar sodra ek sê: „ek het lief”, dink ekself en die hoorder nog aan iemand of iets anders. Liefde soek 'n voorwerp. Liefde tree uit na buite.

Die bestaan van die drie persone binne die goddelike wese word gekenmerk deur liefde. Hoe die heilige liefdeswisselwerking tussen die Vader, die Seun en die H. Gees plaasvind, kan ons nie naspreek nie. Maar ons weet dat dit bestaan, omdat Christus self sê: „Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee” (Joh. 3 : 35). En ook: „Die Vader het die Seun lief en toon Hom alles wat Hy self doen” (Joh. 5 : 20).

Die teenoorgestelde geld natuurlik ook n.l. dat die Seun die Vader liefhet. Daarvan maak Jesus melding kort voor sy lyde in Getsémané as Hy sê: „Maar dat die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet en doen net soos die Vader My beveel het — staan op, laat ons hiervandaan weggaan” (Joh. 14 : 31). Die Vader het 'n ewige liefde vir die Seun; die Seun volbring uit ewige liefde die wil van die Vader. Die heilige liefdesgemeenskap tussen die Vader en die Seun vind plaas met inbegrip van en deur die Heilige Gees. Meer kan ons hieroor nie sê nie. In elk geval mag ons die een persoon nie teen die ander persoon in die liefdesverhouding wat daar binne die Drie-eenheid bestaan, uitspeel nie. Ons bely dit immers: hierdie drie is een. Met betrekking tot die Drie-eenheid kan ons egter ook sonder voorbehoud opmerk dat die liefde die band van die volmaaktheid is.

Die Skepping

Waar die liefde van elke afsonderlike persoon binne die goddelike Wese die ander twee persone as voorwerp het, het die liefde van die goddelike Drie-eenheid wat ons God noem, ook weer 'n voorwerp, n.l. die skepping en meer in besonder die kroon van die skepping, die mens.

Wanneer ons in die beskrywing van die skepping aan die einde van elke skeppingsdag opgeteken vind: „Toe sien God dat dit goed was”, mag ons seker daaruit aflei dat Hy met heilige liefde op al die geskapene neergesien het. God het die skepping lief, omdat dit die maaksel van sy hande is. Ons kan die voorsienigheid van God waarmee Hy die geskapene in stand hou, nooit losmaak van sy liefde nie. Hy bekleed die lelies van die veld met 'n prag groter as dié van Salomo, en sonder die wil van die hemelse Vader sal geen mossie op die aarde val nie.

Die goddelike liefde strek hom egter veral tot die mens uit; eers voor

die sondeval wanneer Hy hom in die tuin van Eden die opdrag gee om as sy beeldraer sy wil te volbring, maar ook na die sondeval wanneer hy die sondige mens tussen die paradysbome uit te voorskyn roep.

Die „eienskappe” van God

Sonder om te tegnies te word, moet 'n paar gedagtes oor die liefde as een van die „eienskappe”, of „deugde” of „wesenskenmerke” van God gewissel word.

In die dogmatiek maak baie teoloë tot vandag toe 'n onderskeid tussen die sg. „onmededeelbare” en „mededeelbare” eienskappe van God. Onder die eerste groep val dan eienskappe soos die onafhanklikheid, die onveranderlikheid, die oneindigheid en die enkelvoudigheid van God. As mededeelbare eienskappe, d.w.s. as eienskappe wat op die verwantskap tussen God en die mens betrekking het, word o.a. die volgende genoem: die kennis van God, sy wysheid, sy goedheid, sy liefde, sy heiligheid, sy regverdigheid en sy soewereiniteit. Die eerste groep eienskappe is eie aan God alleen; die mens kan hulle nie besit nie. Aan die tweede groep eienskappe kan die mens egter deur die genade van God deel hê.

Hoewel die nut van 'n skematiese indeling van die goddelike eienskappe besef word, het dit ook sy nadele. Waar die onmededeelbare eienskappe van God met sy vryheid verbind word en die mededeelbare eienskappe met sy liefde, voel ons reeds dadelik die probleem aan: ons kan as mense die liefde en die vryheid van God nie los langs mekaar plaas nie. God is immers vry in sy liefde en Hy het lief in sy vryheid, d.i. sy goddelikheid. Die vryheid van God staan op een lyn met sy liefde. Wanneer God sy liefde aan die mens openbaar, staan Hy terselfdertyd in sy volle vryheid teenoor hom. Daarom moet ons die eienskappe van God, of soos hulle soms ook genoem word (bv. deur Niftrik) sy „volkomenhede”, in hulle totale verband sien, juis omdat God totaal geregtigheid, totaal liefde, totaal heiligheid, ens. is. Die liefde van God wat 'n mededeelbare eienskap genoem word, is en bly tog altyd vir ons onbegryplik. Aan die ander kant lê God 'n sg. onmededeelbare eienskap, n.l. die ewigheid in die hart van die mens. In hierdie opsig pas ons dus die grootste versigtigheid.

Die liefde van God tot die mens

Die liefde van God as sodanig word in die Ou Testament slegs 'n paar keer genoem, o.a. in Jes. 63 : 9, Jer. 31 : 3 en Hos. 11 : 4. Die werkwoord, die „liefhê” van God, kom egter 32 keer voor. Hierdie verskynsel hang ook saam met die geestesgeaardheid van die Israeliet. Hy bepaal hom nie soseer by die abstrakte begrip „liefde” nie, maar let veral op die deurwerking van die goddelike liefde in die lewe van elke dag.

Die verhouding van God tot Israel word meermale as 'n liefdesverhouding geteken. In Hos. 2 vind ons die bekende

liefdesloekroep van die Here tot sy volk soos dié van die bruidegom vir sy bruid. In Jes. 49 : 15 word die liefdesverhouding soos 'n moeder-kind-verhouding geskets: „Kan 'n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ek jou nie vergeet nie.” Die vaderseun-verhouding vind ons in Ps. 103 : 13: „Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die Here hom oor dié wat Hom vrees”.

Wat in hierdie liefdesbetoning van God opmerklik is, is dat dit, behalwe in twee uitsonderlike gevalle (2 Sam. 12 : 24 en Jes. 48 : 14), altyd betrekking het op die volk as geheel. Dit blyk elke keer duidelik dat wanneer die Here Israel liefhet, Hy daarmee aan Israel voorkeur gee bo ander volke. Om lief te hê beteken in hierdie verband dus om verkiesend lief te hê. Die liefde is die uitverkorene. Die keer syde van die verkiesing is die verwerping. Die Here het in die ander volke geen behae gehad nie, maar Israel het Hy lief. „Die Here het 'n welgevallen aan julle gehad en julle uitverkies, nie omdat julle meer was as al die ander volke nie. . . maar omdat die Here julle liefgehad het”. (Deut. 7 : 7, 8)

Goedheid en liefde

In aansluiting by wat reeds hierbo oor die verhouding van God tot die skepping gesê is, moet nou die aandag op die verskil in gebruik van die woorde „goedheid” en „liefde” gevestig word. Die verhouding waarin God tot die skepping staan, al is dit 'n liefdesverhouding, word gewoonlik met die woord „goedheid” omskryf. „Loof die Here, want Hy is goed, sy goedertierendheid duur tot in ewigheid”, is die refrein wat gedurig in die outestamentiese liedere weerklink. Calvyn sê van hierdie goedheid: „God laat hom deur die verkeerdheid van die goddelose mense nie weerhou om ook oor hulle sy goedheid uit te stort nie”. Vgl. ook: „Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeles, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges”. (Matth. 5 : 45)

Waar die woord „goedheid” dus die verhouding van God tot sy skepping in die algemeen omskryf, word die woord „liefde” in die besonder gebruik i.v.m. die betrekking tussen God en sy uitverkore eiendomsvolk. Die grond van hierdie liefde vir Israel, soos trouens vir almal wat daarin mag deel, is vir ons, mens, onnarekenbaar. Die betoning van goddelike liefde aan dwalende sondeurs is niks anders as 'n wonder nie.

Liefde en Geregtigheid

Daar was en is steeds mense wat 'n skerp teëstelling wil maak tussen die God van die Ou Testament wat dan die God van geregtigheid sou wees en dié van die Nuwe Testament wat as die God van liefde beskou moet word. So 'n teëstelling ken die Bybel egter nie. God word vir ons in die Ou Testament nie alleen beskrywe as regverdig en heilig terwyl Hy ywer vir sy eer en toorn teen die sonde nie, maar ook as genadig en barmhartig, vergewensgesind en groot van goedertierendheid.

In die Nuwe Testament word vir ons die hoogste liefdesdaad van God gemeld: die versoening van die wêreld met Homself deur sy Seun Jesus Christus (vgl. 2 Kor. 5 : 18, 19). In hierdie verband is Rom. 3 : 25, 26 vir ons van besondere betekenis. Hier lees ons: „Hom (n.l. Christus) het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys, deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God — om sy geregtigheid te toon in die teenswoordige tyd, sodat Hy self regverdig kan wees en regverdig maak wie uit die geloof in Jesus is.”

Die geregtigheid waarvan hier sprake is, moet ons sien teen die outestamentiese agtergrond. Die betekenis van die dood van Jesus Christus staan in die middelpunt. Deur die soendood van Jesus is aan die geregtigheid van God voldoen en Hy is die middel wat deur God die Vader self gegee is.

Die geregtigheid van God is hier egter nie in stryd met sy liefde nie, juis omdat Hy uit ewige liefde sy Seun geskenk het. H. Bavinck omskryf dit soos volg: „De gerechtigheid Gods betoonde zich niet daarin dat zij de zondaren strafte voor hun overtredingen, maar zij in Christus een verzoening door zijn bloed voorstelde, zodat God nu in de vergeving der zonden toch zelf rechtvaardig bleek en tegelijk den gelovige rechtvaardigen kon.”

„Die gerechtigheid Gods n.l. bestaat in de Schrift allereerst daarin dat Hij rechtvaardig oordeelt, de schuldige niet voor onschuldig en de onschuldige niet voor schuldig houdt; en dan vervolgens dat Hij de armen, ellendigen, degenen die persoonlijk wel schuldig zijn, maar zakelijk het recht aan hunne zijde hebben, helpt en redt en in hun recht erkent. In deze laatste zin wordt gerechtigheid dan aan barmhartigheid, trouw en waarheid verwant. Ook hier bij Paulus is Gods gerechtigheid niet met zijn goedheid, barmhartigheid, trouw of waarheid identies, maar zij is nog veel minder daaraan tegengesteld. Immers deze gerechtigheid is juist die deugd Gods welke Christus gaf tot een verzoening, opdat God de zonden vergeven kon uit genade en met behoud van het recht. Van een strijd van Gods gerechtigheid en liefde is er dus geen sprake.” (Geref. Dogmatiek, III/4, bls. 353/4)

Die Nuwe Testament

Verskillende gedagtes wat hier na vore gekom het, het ons reeds op die terrein van die Nuwe Testament gebring, waarvoor nou nog een en ander gesê moet word.

Ons het opgemerk dat God Israel as volk bo ander volke liefgehad het. Tog verwerp die volk as geheel sy liefde. Slegs die oorblyfsel volgens die verkiesing word gered. Maar die belofte word gegee dat God sy eiendomsvolk op 'n ander wyse tot Hom sal trek, n.l. deur die belofte Messias. Hy, die geliefde Seun van die Vader, het komly en sterwe vir almal wat die Vader Hom gegee het, die geliefdes en uitverkorenes van ewigheid.

Ons tref die liefde van God in die Nuwe Testament in algemene en in besondere sin aan. In eersgenoemde betekenis word dit o.a. in Joh. 3 : 16, Rom. 5 : 8, Rom. 8 : 37 en 1 Joh. 4 : 9 aangetref. In tekste soos Joh. 14 : 23, Joh. 16 : 27 en Gal. 2 : 20 kom egter die persoonlike liefdesverhouding tussen Christus en die gelowige sterk na vore. Soos ons reeds gesien het: God betoon nie net liefde nie, Hy is liefde (1 Joh. 4 : 8). Hierdie alles oorwinnende liefde van God is dieselfde as dié waarmee ons in die boeke van die Ou Testament kennis gemaak het. In sy wese is dit onbegryplik, omdat dit sondige mense, dus vyande van God tot voorwerp het. Uit ewige liefde gee God sy eniggebore Seun. En die liefde van die Seun wat gelyksoortig is aan dié van die Vader blyk weer uit sy gewilligheid om te sterf vir almal wat in Hom glo.

Net soos in die ou bedeling het die bekendmaking van die liefdes- en verlossingsplan van God in Jesus Christus tweeërlei uitwerking: dit word gelowig aanvaar of in ongeloof verwerp. Dit is 'n reuk van die dood tot die dood of 'n reuk van die lewe tot die lewe (vgl. 2 Kor. 2 : 15, 16).

Liefde en Toekoms

Tenslotte moet gemeld word dat die ware liefde in Bybelse sin 'n sterk eskatologiese karakter dra, m.a.w. dat dit sterk op die toekoms zerig is. Die bekende 1 Kor. 13 laat dit duidelik blyk. Alle ander gawes van die Gees sal ophou omdat hulle by hierdie tyd behoort. Geloof en hoop sal in die ewigheid wegval. Maar die liefde hou vir altyd stand. Dit sal die hoofkenmerk wees van die volkome Ryk van God waarop ons wag. Daar sal die liefde die verlostes aan God en aanmekaar bind. Dan is die liefde ten volle die band van die volmaaktheid. Uit God, deur God en tot God is alle dinge — ook sy liefde!

*) Dr. Geertsema is predikant van die Geref. Kerk te Kaapstad.

VAN NIFTRIK ONTNUGTER DEUR AFRIKA

Prof. dr. G. C. van Niftrik skryf in Kerk en Theologie van Oktober 1962 onder Kroniek omtrent sy indrukke by 'n kongres oor Gezinsraad gedurende Julie in Rabat, Marokko gehou.

Hy het na Yadoumbia, ambassadeur van Mali, sit en luister en met 'n skok besef dat Europa se idees oor ontwakende Afrika verouder is. Die toespraak van Yadoumbia „was meer dan 'n pleidooi vir die erkenning van Afrika." Dit het in werklikheid gegaan om die proklamasie van die superioriteit van Afrika. Hier is gesê: „Nie in Europa nie, maar in Afrika lê die bakermat van beskawing en kultuur". „Hierdie afgesant van Mali het klaarblyklik nie meer aan die superioriteit van die blanke ras geglo nie. Hy weet dat die swart ras superieur is en ouer regte kan laat geld."

Die professor gaan voort: „Teoreties weet natuurlik alle lesers van hierdie tydskrif die

een en ander oor die ontwaking van die Afrikaanse en Asiaatiese volke. Ons weet ook dat ons as blanke volke met hierdie ontwaakte selfbewussyn rekening moet hou en ons dien-ooreenkomstig moet gedra.

Dit alles is eintlik maar teoretiese kennis. Dit is volmaak anders om van hierdie dinge uit die mond van 'n Asiaat of Afrikaan in sy eie omgewing te hoor. Dit word vir die enigsin verbysterde luisteraar dan duidelik dat mens as Europeaan jou nog steeds teenoor anders gekleurde volke as 'n Barmhartige Samaritaan wil gedra. Maar hierdie volke voel hulself geensins meer as deerniswaardiges nie. Al meer en meer kry hulle 'n hoë selfbesef. Solank hulle ons nodig het, sal hulle ons gebruik. Hulle wil wel finansiële, tegniese en wetskapskaplik gehelp word, maar eintlik is ons hul hierdie hulp skuldig, meen hulle. Hulle voel seker van hul eiewaarde, weg en roeping."

PRINCESS WILHELMINA AND THE ECUMENICAL MOVEMENT

Princess Wilhelmina of the Netherlands was so deeply concerned about Christian unity and took so many initiatives to quicken the pace of progress toward that goal, that she occupied a special place in the life of ecumenical movement. Through the meetings which she called together at her palace, through the messages which she sent to ecumenical meetings and through the personal contacts which she maintained with church leaders from many parts of the world, she sought to convince all concerned that the time had come to give a full and complete demonstration of

the unity of all who believed in Christ. She could not accept the idea that there should be any celebration of Holy Communion which was not open to all believers in Christ. And she felt that the churches were far too slow and timid in their approach to unity. She derived much encouragement from her contacts with young people and with leaders of the younger churches. We have reason to remember her with gratitude for her life and for her clear and courageous witness.

"The Ecumenical Review",
January, 1963.

PROFESSOR OF CHRISTIAN ETHICS SLATES RACISM: AMERICA'S FALSE RELIGION

It is now a commonplace to say that Communism, like materialism and secularism, is a religion rather than merely a social theory and that this religion engages in a life and death struggle against Christianity. What is not so generally acknowledged is that racism, which is a much more serious internal threat to the United States than Communism is also a religion and a natural foe of Christianity. In the National Council of Churches' annual race relations message George D. Kelsey, professor of Christian ethics at Drew University, makes this point and undergirds it with convincing theological insight:

Racism must be understood for what it is — a religion competing with the Christian faith. The racist affirmation of superiority and inferiority is not, as is commonly supposed, merely a social theory. Rather, it is an affirmation of faith, a declaration concerning the nature of human being. The racist consciousness affirms

the condemnation of one race and the creative destiny of another by Nature. This is a conviction concerning the nature of human being, concerning the givenness of human nature. As such it is an ultimate claim.

The tragedy for American Christianity is that whereas communism is recognised as a foe of Christian faith, racism is not. On the contrary, racism has its most virulent forms within the Christian church and among Christian people. In some quarters racism even receives blessings derived from distorted biblical study and twisted theology. This enemy, unrecognized or else dignified by corrupt codes of genteel morality, destroys the Christian faith from within. There is no way to escape, no way to conquer this enemy, unless we see that racism is as Kelsey puts it, "diametrically opposed to the insights of Christian faith."

The "Christian Century",
February, 20, 1963.

PINKSTERFEES

*Toe kom daar haastig 'n geluid
wat aanblaas uit die hemel uit —
'n rukwind wat met stormgedruis
daarheen vaar, vul die ganse huis.
Toe was dit op die dag van fees,
dat hul vervul is met die Gees.
In loftaal het hul uitgebreek
net soos die Gees dit uit laat spreek.*

The Church in the world to-day



pro ecclesia

A BAPTIST DECLARATION ON CHURCH AND STATE

A European Baptist Conference on Church and State, with representatives from 18 nations, was held at Rüschtikon-Zürich, Switzerland, March 21—26, 1963. The participants considered relevant questions in the context of today, and made the following affirmations:

1. The Church is the Body of Christ, comprising those redeemed by Him, who personally trust in divine grace and seek to do God's will. Organized churches should consist of those who as believers in Christ have experienced the grace of God. A state (also under God) is a political body made up of persons living within a certain territory who owe allegiance to a particular government. Citizenship and all its rights and responsibilities should be independent of religious considerations.

2. Churches are concerned with man's relationship to God and its personal and social consequences; worship and evangelism are their unique responsibility. The state is concerned with the maintenance of order, peace and justice; it is responsible for making and enforcing law. Both church and state are properly involved in human relationships and human welfare.

3. The methods of the church include preaching, teaching, persuasion, and acts of love. The state may employ similar methods, but it is entitled to use force in the exercise of its proper functions. Force should not be used by church or state to regulate man's relationship to God.

4. Government is made necessary by man's social nature and by human wrongdoing; its alternative is chaos. Christianity prescribes no particular form of government, but it calls for a recognition of the

dignity and worth of all men.

5. Christians are under obligation to pay taxes and otherwise perform their duties to the state, to abide by the laws of their country so long as these do not demand disobedience to God, and to take part in public affairs as conditions permit or demand.

6. The state should guarantee the right of men to believe (or not to believe), worship, teach, evangelize, change their religious affiliation, and serve their God as their consciences dictate, so long as the freedom of others is not violated.

Churches should be free, and the state should offer the same protection to them that it offers to other legitimate groups without favouring one above another. The churches should recognize the rights and duties of the state in its own sphere and encourage good citizenship. They have the right to speak on public issues, but not to exercise political control.

7. Church and state should have separate sources of income, the state levying taxes on its citizens, and the church receiving gifts from its members. Careful consideration should be given to the question whether state support of churches tends to weaken the sense of responsibility and participation of church members. If churches accept public subsidies for projects in which the state is also interested, they should be aware of possible limitation of their authority. Christian service may often be rendered as effectively in state institutions as in those under church auspices.

With acknowledgement to the
South African Baptist,
May, 1963.

— Pastoor H. K. Wagner*

THE PUBLIC OPINION

It matters what people think and say about us. We endeavour to make the public think better of us than we are. The public opinion plays a positive rôle when it prevents us from acting out of character, when it encourages us to care for a good reputation. It plays a leading part in influencing the ethics of our time.

There are several factors which form the public opinion: the natural leaders, the school and the Church, the different fellowships and associations, the press and the film, the court and the Parliament.

Public opinion is not always right. It can ruin the were life of a person who has a "mark" if it does not regain respect and faith in him. Public opinion can even bring a whole nation down when it does not accept the warning voice of God's Word, when it dictates the relationship between the different social and racial groups.

The public of my hometown did not intervene when 1936—1938 the Jewish population was dragged into police vans and disappeared. The pu-

blic was possessed by fear. Those who showed their sympathy with them were themselves tracked down and disposed of. In newspapers of last year you could read: "He was deported because his presence was no longer considered conducive to the public good". People who dare to oppose the public opinion which teaches people wrong ethics, may have to suffer.

Our Lord Jesus himself experienced the fickleness of public opinion. First He was well received when He entered Jerusalem on Palm Sunday. But soon the public opinion turned against Him when the people got influenced by high rank churchmen and politicians of His time. They cried: "Crucify Him!" Fear created fear. The people feared the authorities and the authorities the people.

Those who were convinced that Jesus was innocent, kept quiet and by doing so participated in the guilt. It seems easier to let others think and speak — also in our times. But one day we shall be sorry that we have sneaked away. Why do we fear to come out with our own opinion if it

differs from the public one? Should we fear the public rather than God? But God's opinion is more binding than man's.

It is the Love of God which urges those who form the public opinion, to do so with responsibility towards God. Our relationship towards our neighbour will decide if we are God's followers or not. The public opinion can be a real positive one if it frees itself from prejudices of all kinds — if it tries to please God more than men. God's opinion is that every man is worthy to be saved. It does not matter to which race, creed, nation or social group he belongs. What matters is that each of us is responsible for what we do and say before our God and Saviour.

No one can hide himself behind the public opinion.

* Pastor Wagner is minister of the Evangelical Lutheran Church in King William's Town

Gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan, Potchefstroom, vir die eienaars en uitgewers, Pro Veritate (Edms.) Bpk., Posbus 487, Johannesburg.